Bylaag A

ALGEMENE SINODE 2023

5. AD HOC TAAKSPANNE

5.2 TAAKSPAN ROETEMERKERS[32]

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Ds. Tienie Bosman (Noordelike Sinode) (Sameroeper)
Dr. Johan Avenant (Noordelike Sinode) (Kategese en skriba)
Prof. Malan Nel (Noordelike Sinode) (Internasionale tendense en Geloofsontwikkeling)
Prof. Cas Wepener (Wes-Kaap) (Roetemerkers en Liturgies)
Ds. Anandie Greyling (Oostelike Sinode)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS OPDRAG VANDAAN?

Sedert die Algemene Sinode van 2011 is daar geworstel oor "die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging". Uiteindelik is 'n verslag aan die Algemene Sinode van 2019 voorgehou waar die volgende besluit is:

"5.1 Die sinode neem met dank kennis van al die navorsing wat oor etlike jare gedoen is oor BVG en verwante sake.
5.2 Die sinode besluit dat die belydenis van ons geloof nie net 'n eenmalige gebeurtenis behoort te wees wat maar net 'n eenmalige toe-eiening van geloof behels nie, maar dat daar gereelde roetemerkers (stilhouplekke) op 'n lewenslange pad is waar gelowiges hulle geloof bely.
5.3 Die sinode besluit om die huidige praktyk van BVG rondom die ouderdom van 17/18, uit te brei as 'n persoonlike en publieke roetemerker wat begelei na jong volwassenheid.
5.4 Die sinode besluit om nog 'n roetemerker op te rig by die ouderdom van 12/13 en simboliese handeling te ontwikkel wat aan hierdie kritiese deurgang uitdrukking gee.
5.5 Die sinode besluit om dringend aandag te gee aan liturgiese verryking en inrigting vir en tydens die verskillende roetemerkers.
5.6 Die sinode besluit om dringende aandag te skenk aan ouertoerusting ten opsigte van die eerste nagmaalviering van hulle gedoopte kinders en begeleiding by die daaropvolgende roetemerkers."

Wat hieronder volg, is 'n poging om aan die versoek van die AS se moderamen te voldoen, naamlik om uitvoering te gee aan die ontwikkeling van 'n nuwe roetemerker by 12/13 en om nuwe inhoud te gee aan die roetemerker by 17/18. Wat 5.6 betref word 'n afsonderlike verslag saam met hierdie verslag aan die ASM voorgelê.

Die opdrag om met die ATR en Taakgroep Argief gesprek te voer oor die besluite van die AS (sedert 2002 reeds en weer in 2019) dat daar nie meer doop en belydende lidmate is nie het hierdie Tydelike Taakgroep met verteenwoordigers van die ATR en Taakgroep Argief in gesprek getree –op 05 Februarie 2021. Dit was besondere aangename en produktiewe gesprek. Die lede van beide Taakgroepe het saamgestem dat die nodige veranderinge in die Kerkorde en Bepalings aangebringmoet word en die ATR sal die saak verder hanteer. Ons beskou dus ons opdrag in hierdie verband as voorlopig afgehandel.
As Tydelike Taakspan ag ons dit ons verantwoordelikheid om onder aandag van die ASM te bring dat ons navorsing en verslag hieronder implikasie het vir die Handleiding vir die Erediens. Ons stel nuw

[32] Sedert die besluite van die AS 2019 word daar nie meer na "belydenis van geloof" (BVG) of belydenisaflegging verwys nie aangesien een van die kenmerke van elke Roetemerker "belydenis" is.

formuliere voor en in ons navorsing kon ons agterkom dat die betrokke Handleiding dringend hersien en aangevul behoort te word.

Wat hieronder volg is ‘n ter sake aanhaling uit die verslag wat in 2019 deur die AS aanvaar en goedgekeur is en die inhoudgewing aan die twee betrokke roetemerkers:

- Die Aard van ‘n Roetemerker
- Die ontwikkeling vir die Roetemerker vir Tieners (12/13)
- Die ontwikkeling vir die Roetemerker vir Jongvolwassenes (17/18)

2.2 VERSLAGDOENING: WAT HET JULLE GEDOEN?
Terwille van koste en as gevolg van Covid-19 het ons gereeld Zoom-ontmoetings gehad. Hierdie gesprekke het twee belangrike gevolge gehad:

2.2.1 GESPREK MET DIE ATR
Op 5 Februarie 2021 het die Taakspan met verteenwoordigers van die ATR en Taakgroep Argief in gesprek getree. Dit was ‘n sinvolle gesprek waarin daar besluit is om “lidmaatskap” en “kerkraad” so te omskryf dat daar ‘n onderskeid is tussen die teologiese inhoud en regsgeldige vereistes. Hierdie onderskeid help met die probleem of net “belydende lidmate” deel van ‘n kerkraad mag wees en of net “lidmate”. ATR sou hierdie saak in hulle verslag opneem.

Tydens die ASM vergadering van 2-4 November 2021 is die volgende besluit geneem:

“Die ASM interpreteer die funksionele besluit van 2002 ten opsigte van verkiesing tot die ampte soos volg:

Omdat die ontwikkeling na lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens en leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs lidmate wat die persoonlike en publieke roetemerker van geestelike volwassenheid bereik het, tot die ampte (diens, leierskap) gekies word.

Die Taakspan versoek die Algemene sinode om hierdie besluit terug te verwys na die ATR en die Taakspan: Roetemerkers omdat daar met die bewoording “**slegs lidmate wat die persoonlike en publieke roetemerker van geestelike volwassenheid bereik het”**die indruk geskep word dat Roetemerkers ‘n “hekkie” (voorwaarde) tot geloofsontwikkeling is. Die aanbeveling van die Taakspan was dat na die roetemerkers as “die publieke roetemerker vir jong volwassenes” verwys word.

2.2.2 VERSLAG AAN DIE ASM
Tydens die ASM vergadering van 2-4 November 2021 het die Taakspan ‘n voorlegging voorgehou waarin die volgende vervat is:

2.2.2.1‘n Basis dokument oor Roetemerkers waarin die aard van Roetemerkers; die Roetemerker vir Tieners en die Roetemerker vir Jongvolwassenes beskryf is (Bylaag 1 “**Die Voorbereiding vir die Roetemerkers by 12/13 en 17/18”**). Hierdie dokument bevat die volgende **samevattende opmerkings oor Roetemerkers:**

- Die tegniese term Belydenis van Geloof val nou weg ten gunste van die belydenis van geloof regdeur die lewe. Wat vasgehou word is dat die geloofsgemeenskap of geloofsfamilie telkens weer by kritiese lewensdeurgange/roetemerkers hierdie belydenis vier en die lidmaat (as gedoopte) dit telkens weer bevestig;
- Roetemerkers sou met verskillende betekenisse gevul en ontwikkelingsmatig gemotiveer kan word en daarom van mekaar (12/13 van 17/18) kan verskil. Ander lewensdeurgange kan insluit skool-toe gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander (vergelyk ook bo genoemde lys in die verband);

- Roetemerkers is dus tegelyk roetemerkers **van** (‘n bepaalde lewensdeurgang) en **vir** die lidmaat (wat die lewensdeurgang beleef en vier);
- By hierdie viering van en vir bly die hart van die roetemerker oriëntering, identifisering en belydenis of bevestiging (van wat by hierdie roetemerker kenmerkend is).
- Die ontwikkeling van die twee bepaalde Roetemerkers neem die doop as teologiese en gemeentelike uitganspunt. In die geval waar ‘n persoon nog nie gedoop is nie, sal die doop telkens deelname aan die betrokke roetemerker voorafgaan – uiteraard met die betrokkenheid van die ouers of ouer en/of voog.

2.2.2.2‘n Basis dokument oor Ouertoerusting: Eerste Nagmaal en Begeleiding by Roetemerkers (Bylaag 2 “**Ouertoerusting deur ouers by die Eerste Nagmaal van ‘n kind”**).
Na die voorlegging is daar besluite geneem wat in hierdie verslag as “Aanbevelings” aangebied word. In samewerking met taakspan kategese is daar ‘n teks geskryf wat gebruik kan word by die maak van ‘n video (Bylaag 3 “**Klein Kategismus vir Roetemerkers”**).
Die opstel van pamflette in bevatlike taal vir kerkrade en ouers sal ook in samewerking met Taakspan Kategese uitgevoer word. Hierdie opdrag sal hopelik nog in 2023 uitgevoer word.

3 DIE AARD VAN ‘N ROETEMERKER

3.1 AANSLUITING BY DIE VERSLAG

Wat hieronder volg, neem as uitgangspunt en agtergrond die verslag soos deur die AS in 2019 aanvaar en die besluite wat op grond van die verslag geneem is.[33] Om die direkte verband met hierdie deel van bogenoemde opdrag van die ASM te ondersteun word die volgende uit die verslag wel herhaal (sonder die voetnote van die oorspronklike verslag):

3.2 GELOOFSVORMING

Op hierdie reis van gelowiges saam met God vind ontwikkeling en groei plaas. Geloofsontwikkeling en geloofsvorming is die wisselterme wat vandag gebruik word om hierdie groei, ontwikkeling en vorming wat op die geloofspad binne ‘n individu en geloofsgemeenskap plaasvind mee te beskryf...

Geloofsvorming gaan altyd van God uit (God neem inisiatief, God skenk geloof). Hierdie geskenkte geloofsinsig groei en dit is hier waar onderrig inpas. God is self ook die een wat sy mense op hierdie pad wil leer. In die Ou Testament leer ons dat die TorahGod se ‘wegwysende stem’ op hierdie pad is. In die Nuwe Testament roep en onderrig Jesus self sy dissipels. In hierdie leer-of vormingsproses sluit Hy ook mense (ouers en alle ander gelowiges) in, as medereisigers, om nuwe reisigers (kinders en volwassenes) saam te nooi en in hierdie weg in te lyf en te begelei...

Geloofsvormingverwys dus na die totale proses van inlywing, begeleiding en onderskeiding van verbondsmense op die geloofspad, wat meehelp en bydra dat ‘n verbondsverhouding ontwikkel en dat die Godgeskenkte geloofsinsigte groei en ontwikkel op so manier dat individue word (waartoe God hulle geroep het) wat hulle in Christus Jesus reeds is (nuwe Godgegewe identiteit –om aan sy beeld gelyk te word). Geloofsvorming is daarom die intensionele prosesse waarin die gelowiges begelei word om te groei in hul verhouding met Goden dit sluit die meegaande verandering in lewensstyl in. Geloofsvorming word deur sommige omskryf as reisigers se deelname aan God se werk van genade in medereisigers se lewe. Geloofsvorming het dus twee fokusse: Die individu se geskenkte geloof wat gevorm word en die persone en die geloofsgemeenskap wat deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses. Hierdie pad begin by geboorte en hou aan tot en met die dood. Dit is dus belangrik om op hierdie punt te beklemtoon dat geloof nie gevorm word en dan ‘n eindpunt by voorbeeld by belydenisaflegging bereik nie. Dit is ‘n lewenslange proses wat ontvou tot en met die dood.

[33] *Die volledige verslag wat gedien het, word hierby aangeheg, sou die leser weer daarna wil kyk.*

Geloofsvorming hou deeglik rekening met die verskillende ontwikkelingsfases waardeur mense beweeg van die baba fase tot volwassenheid en die verskillende lewensdeurgange wat daarmee gepaard gaan...

Wat hoor ons nuut oor geloofsvorming?
Geloofsvorming of -ontwikkeling is die terme wat vandag algemeen in die literatuur gebruik word in die plek van onderrig om daarmee die eensydige beklemtoning van die skoolse karakter van onderrig (eenrigting kennisoordrag) uit die weg te ruim. Wanneer hierdie term hier gebruik word, word dit tog breër gebruik om alle prosesse wat by die ontwikkeling van geloof betrokke is van die wieg tot die graf in te sluit.

- Geloofsvorming is 'n lewenslange reis (proses) van groei en is nie net 'n eenmalige gebeurtenis op 'n sekere ouderdom op die geloofsreis nie.
- Geloofsvorming word altyd begelei deur ouers, medegelowiges en die geloofsgemeenskap en daar is groeiende insig soos die bevatlikheid van 'n individu ontwikkel. Toe-eiening, identifisering en die opneem van 'n nuwe identiteit in Christus is nie eenmalig endan klaar nie.

3.4 ROETEMERKERS HET DIE VOLGENDE DRIE FUNKSIES:

1. Dit help met ***oriëntering*** –waar bevind ek my op die lewensreis as deel van die geloofsfamilie?

- Waar kom ek/ons vandaan? –verlede
- Waar is ek/ons nou? –hede
- Waarheen is ek/ons op pad? –toekoms

2. Dit help met ***identifisering*** –aan wie verbind ek my en wie is aan my verbonde?

- Wie is ek/ons?
- Wie s'n is ek/ons?

3. Dit help met ***belydenis*** en ***bevestiging*** –wat bely/bevestig ek en saam met wie bely/bevestig ek dit?

- Ek word herinner aan God se verbintenis en beloftes aan my en aan almal by ons doop (inlywing)
- Ek word herinner aan God se heilshandelinge deur Christus en die werking en teenwoordigheid van die Heilige Gees, wat ek ook saam met die geloofsgemeenskap by elke nagmaal vier (inblywing).
- Ek bely/bevestig dat ek deel is van God se familie en verbind my opnuut aan God en my geloofsfamilie."

Hierdie drie funksies van 'n roetemerker word volgens Fosterby 'n mens ingeskerp deur:

- Gesprek
- Viering en
- Diens

Dit is daarom belangrik dat 'n roetemerker tydens 'n erediens met 'n bepaalde liturgie gevier word want:

- Die geloofsfamilie het mekaar nodig vir gesprek, viering en diens.
- Prediking as die verkondiging van God se Woord gee die koers vir die reis.
- By elke roetemerker is die viering van die sakramente betrokke: i) Die doop as die viering van die inlywing tot die geloofsfamilie. Daarom is doopviering ook herhalend en nie slegs beperk tot BVG as roetemerker nie. Ii) Die nagmaal as die viering van die inblywing in die geloofsfamilie.

By elke roetemerker word die geleentheid benut om persone by lewensdeurgange te help oriënteer, identifiseer en opnuut te bely/bevestig. Dit bied dus die geleentheid om weer, by elke roetemerker, te besin oor wat Alan Kreider noem: “believing” (wat glo ek?), “belonging” (aan wie behoort ek?), “behaving” (hoe gaan ek vorentoe optree?). Richard Osmer meen dat die kerk elke geleentheid moet aangryp om jongmense te begelei aan die hand van sy drie oorsigtelike uitkomste vir onderrig “code for the road” (Aan watter belydenis kan ek vashou?), “creed to believe” (watter gedragskodes en waardes help my om keuses te maak en my lewe te rig?) en “dream to esteem” (watter roeping of droom lê die Here op my hart?). Deur roetemerkers so te benut, vorm roetemerkers ‘n kern-deel van geloofsvorming en -ontwikkeling.”

“Van die vele lewensdeurgange gedurende die verskillende lewensfases, het navorsing uitgewys dat twee lewensdeurgange in kinders en jongmense se lewens uitstaan as kritiese deurgange naamlik die betreding van adolessensie/puberteit rondom die ouderdom van 12/13 en die betreding van jongvolwassenheid rondom die ouderdom van 17/18. Die een is nie belangriker as die ander nie. Albei is ontwikkelingsmatig krities belangrik. Hierdie twee lewensdeurgange val ook saam *aan die een kant* met skoolverwisseling en die gepaardgaande ingrypende liggaamlike veranderinge by die ouderdom van 12/13 en *aan die ander kant* met gereedmaak vir skoolverlating en die gepaardgaande onsekerheid met die uitdagings en keuses van die jongvolwasse lewensfase rondom die ouderdom van 17/18. Wat ons as kerk dus daar doen moet belangrik wees. In die verlede is slegs by die lewensdeurgang van 17/18 ‘n roetemerker opgerig. Dit sal verantwoordelik wees indien die kerk tydens beide hierdie lewensdeurgange roetemerkers oprig om kinders en jongmenseoor hierdie onseker tyd te anker en te begelei. Alhoewel daar meer deurgange bestaan en waarby roetemerkers opgerig of benut kan word, is die taakspan daarvan oortuig dat hiérdie twee liturgies en in die openbaar gevier behoort te word as geleenthede waar geloof bely word. Dit sou met verskillende betekenisse gevul en ontwikkelingsmatig gemotiveer kan word en daarom van mekaar (12/13 van 17/18) kan verskil. Ander lewensdeurgange kan insluit skool-toe gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander (vergelyk ook bo genoemde lys in die verband).

Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat die Joodse gemeenskap al deur al die eeue by die lewensdeurgang van adolessensie 12/13 of wat húlle noem volwassewording aangesluit het met hulle barmitswa-viering, wat niks anders as ‘n lewensdeurgang is wat hulle ‘n roetemerker gemaak het en wat gepaard gaan met sekere simbole en rituele. Voeg hierby die Europese en Amerikaanse gereformeerde-en Lutherse kerke wat ook deur eeue heen by hierdie deurgang hulle roetemerker van belydenisaflegging vier, dan lyk ditonsinnig as ons nie tydens hierdie lewensdeurgang ‘n roetemerker gaan oprig nie.”

“Binne ‘n raamwerk van roetemerkers benut die kerk spesifieke lewensdeurgange as roetemerkers. Twee deurgange is ontwikkelingsmatig vir die kerk van kritiese belang naamlik adolessensie/puberteit by die ouderdom van 12/13 en jongvolwassenheid rondom die ouderdom van 17/18. **Die poging in hierdie verslag is om BVG te ontwikkel as ‘n roetemerker wat jongmense begelei van adolessensie na jongvolwassenheid of, anders gesê, van middeladolessensie na laat adolessensie.** Ander deurgange waar ook begeleiding kan plaasvind, is skool-toe gaan, eerste werk, die huwelik, ouerskap ens. Dit is egter nie noodwendig nodig dat ‘n roetemerker opgerig word by elke lewensdeurgang nie.”

4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?

“Uit die aard van die opdrag en in die lig van wat in die teologiese raamwerk duidelik geword het en in die navorsing ontdek is, is die taakspan daarvan oortuig dat:

- persone hulle geloof bely elke keer wanneer hulle nagmaal vier saam met die geloofsgemeenskap en ook elke keer wanneer hulle roetemerkers by deurgange oprig;
- dat elke keer wanneer gedooptes hulle geloof bely wanneer hulle nagmaal vier en by roetemerkers, dit teologies gesproke niks anders as doopviering is nie;

- dat die kerk roetemerkers behoort op te rig by meer deurgange op die lewenslange reis saam met God, wat liturgies in en saam met die geloofsgemeenskap gevier kan word, om op hierdie manier God se heilshandelinge en beloftes vir gedooptes te bevestig en om gedooptes die geleentheid te gee om in die openbaar opnuut hulle doop toe te eien as deel van die opneem van hulle nuwe identiteit in Christus;
- dat spesifiek die eerste kritiese ontwikkelingsmatige deurgang (12/13) by ons verwaarloos was. Ons het dié belangrike lewensoorgang in die mens se liggaam en die gepaardgaande emosionele en psigologiese veranderinge en impak nie genoegsaam verreken nie. Ons het ook die feit dat die ekumeniese kerk konfirmasie (geloofsbevestiging) aan hierdie ouderdom (12/13) koppel nie in ons praktyke verreken nie. Daarom is dit wys om:
    - op hierdie ouderdom ‘n roetemerker en simboliese handeling te ontwikkel wat hieraan uitdrukking gee, en
    - wat vanweëdie besondere karakter en simboliek vooruitskouend betekenis gee en die betekenis van BVG op die volgende roetemerker (17/18) verryk;
- dat kategese (onderrig) by die eerste nagmaal en alle roetemerkers (help mense verstaan wat bedoel word met belydenis) belangrik behoort te wees. Ouers en die geloofsgemeenskap behoort daarom begeleidend op te tree op die geloofspad, sodat geloofsinsigte kan groei en dat kinders, jongmense en volwassenes die geloof waarin hulle gedoop en onderrig is, by die nagmaalstafel en by roetemerkers met vrymoedigheid en oortuiging kan bely. Ouers behoort in hierdie verband toegerus te word;
- die inhoud van BVG as ‘n roetemerker behels die volgende:

    - gedooptes vier hulle ingelyfdheid;
    - gedooptes word deur die geloofsgemeenskap (kerk) persoonlik, binne die konteks van die viering van die sakramente, herinner aan hulle doop en daarom bevestig hulle God se verbintenis en sorg en die werk van die Gees in hulle lewe;
    - gedooptes in die openbaar persoonlik hulle doop opnuut toe-eien as deel van die opneem van hul nuwe identiteit in Christus deur:
        - hulle liefde vir die Here en die geloof waarin hulle gedoop en onderrig is, te bely;
        - hulle te vereenselwig met en te verbind (opneem van groter verantwoordelikheid) aan die geloofsfamilie waarin hulle gedoop is;
        - hulle opnuut te verbind om hierdie geloof en roeping missionaal in die wêreld (koninkryk van God) as dissipel van Jesus uit te leef;
- hierdie belydenis gebeur altyd op die vlak en binne die vermoë wat vir die gedoopte moontlik is;
- daar is net een manier waarop iemand toegang tot lidmaatskap van die geloofsgemeenskap verkry en dit is deur die doop (behalwe wanneer ‘n lidmaat wat van die gemeente afgesny was terugkeer, maar dit word opsig self dan ‘n roetemerker);
- daar is nie verskillende ‘vlakke’ van lidmaatskap nie. Daar is wel ‘n groeiproses in die opneem van verantwoordelikheid, daarom moet die onderskeid tussen dooplidmaat en belydende lidmaat laat vaar word;
- BVG soos in hierdie verslag verstaan word, bou op bogenoemde vertrekpunte en respekteer die belydenis van geloof soos byvoorbeeld by die nagmaal. **BVG dra die karakter van ‘n kritiese roetemerker in die oorgang na jong volwassenheid waar gedooptes persoonlik en publiek hulle geloof bely en bevestig dat hulle God binne hierdie gestalte (Ned Geref Kerk) wil dien en saam met hulle geloofsfamilie die Koninkryk soek**.” (Hier eindig die aanhaling vanuit die goedgekeurde verslag)

4.2 SAMEVATTEND

4.2.1 Die tegniese term Belydenis van Geloof val nou weg ten gunste van die belydenis van geloof regdeur die lewe. Wat vasgehou word is dat die geloofsgemeenskap of geloofsfamilie telkens weer by kritiese lewensdeurgange/roetemerkers hierdie belydenis vier endie lidmaat (as gedoopte) dit telkens weer bevestig;

4.2.2 Roetemerkers sou met verskillende betekenisse gevul en ontwikkelingsmatiggemotiveer kan word en daarom van mekaar (12/13 van 17/18) kan verskil. Ander lewensdeurgange kan insluit skool-toe gaan, eerste werk, huweliksluiting, ouerskap en ander (vergelyk ook bo genoemde lys in die verband);
4.2.3 Roetemerkers is dus tegelyk roetemerkers **van**('n bepaalde lewensdeurgang) en **vir**die lidmaat (wat die lewensdeurgang beleef en vier);
4.2.4 By hierdie viering van en vir bly die hart van die roetemerker oriëntering, identifisering en belydenis of bevestiging (van wat by hierdie roetemerker kenmerkend is).
4.2.5 Die ontwikkeling van die twee bepaalde Roetemerkers neem die doop as teologiese en gemeentelike uitganspunt. In die geval waar 'n persoon nog nie gedoop is nie, sal die doop telkens deelname aan die betrokke roetemerker voorafgaan –uiteraard met die betrokkenheid van die ouers of ouer en/of voog.

5 DIE ONTWIKKELING VIR DIE ROETEMERKER VIR TIENERS (12/13)

5.1 WAT HIER VOLG IS ONS POGING OM UITVOERING TE GEE AAN DIE BESLUIT:
"Die sinode besluit om nog 'n roetemerker op te rig by die ouderdom van 12/13 en simboliese handeling te ontwikkel wat aan hierdie kritiese deurgang uitdrukking gee.

5.2 DIE UNIEKHEID VAN DIE ROETEMERKER OP 12/13
Soos in die verslag reeds beredeneer is hierdie ouderdom in die totale internasionale kerk die tyd vir wat bekend staan as "Confirmation". Dit sluit aan by die oud Israel tradisie en verleen ook in die meeste gevalle toegang tot die nagmaal. Dit is byna ondenkbaar dat die Ned Geref Kerk as deel van die globale geloofsgemeenskap hierdie lewensdeurgang langer liturgies kan ignoreer.
Daar is genoeg literatuur om die kritiese belang van die lewensoorgang van kind na adolessent uit te lig. Na van hierdie bronne is in die oorspronklike verslag verwys. Ons beklemtoon net vier van hierdie redes:

- Dwarsdeur die geskiedenis van die Ou Testament was dit die ouderdom waarop dogters en seuns in die Joodse tradisie die oorgang van kind na volwassenheid gevier het. Die was hulle belydenis van geloof;
- Dit is steeds binne die internasionale reformatoriese tradisie die tyd waarop 'konfirmasie' gebeur;
- Dit is die ouderdom waarop die dramatiese liggaamlike en emosionele veranderinge, soms selfs traumaties, 'n aanvang neem;
- Dit is die tyd waarop skoolverwisseling in die samelewing gewoonlik gebeur – watter naam ookal hiervoor gebruik word. Binne die Suid Afrikaanse samelewing van laer na hoërskool. So dikwels gaan dit selfs met fisiese verhuising vir die vroeë adolessent gepaard. (Die NG Kerk se skoolverwisselingskampe was en is waarskynlik 'n bewys van die belang van hierdie ouderdom

5.3 ONTWIKKELING VAN NUWE KULTUUR
5.3.1 Die NG kerk is reeds besig om langs baie maniere 'n nuwe kultuur van roetemerkers te ontwikkel. Die nuwe publikasie van Bybel-Media in die Jeugfokus reeks oor *Oorgangsrituele vir tussenin-tye Roetemerkers*(o.r.v. Anandie Greyling en Wynand van Niekerk) is maar een bewys daarvan. Hierdie benadering is teologies diep gegrond in die herontdekking van die betekenis van die doop en die begeleiding van gedooptes om lewens te ontdek (herontdek) hoe groot God se toegesegde genade in Christus en deur die Gees is! By kritiese lewensdeurgange word hierdie ontdekking gevier en telkens weer binne die gemeenskap van die gelowiges bely. In die ontwikkeling van hierdie teologiese gedrewe belydenis kultuur binne gemeentes behoort die NG Kerk baie energie te belê. Dit is niks anders nie as deelname aan langtermyn gemeentelike transformasie.

Op hierdie lewensreis van gemeentes met alle lidmate pas hierdie nuwe Roetemerker dan logies in. Dit is nie die enigste een nie, maar die reis sal ***onvolledig*** wees sonder hierdie Roetemerker –die een wat

deur ons reformatoriese medegelowiges rondom die wêreld ‘konfirmasie’ genoem word en selfs deur die Rooms Katolieke wêreld as sakrament beskou word.

5.3.2 Benaming

Dit is duidelik wat die aard van hierdie lewensdeurgang is: dit is ‘n lewensdeurgang na:

- Ontwikkelingspsigologies: adolessensie
- Liggaamlik: na seksuele volwassenheid
- Sosiaal: na skoolverwisseling
- Populêr gesproke: na tienerwording of tienerwees

Die klem val op ‘n roetemerker waar die kind deurgaan na die nie-meer-kind-nie. By hierdie meermale traumatiese deurgang van liggaamlike, emosionele en psigologiese veranderinge is dit krities om so ‘n lidmaat te herinner

God is by jou en ons is by jou[34]

Die klem van hierdie Roetemerker is dat die jongmense self bevestig dat ‘ons’ is bewus daarvan dat God by ons is (oriëntering) en ons (as jongmense) bevestig en identifiseer met hierdie geloofsgemeenskap.
Na baie oorweging is ons aanbeveling dat daar ontwikkel word aan die naam Roetemerker **van**die geloofsgemeenskap **vir**lidmate op die drumpel van tienerwording of tienerwees.

Kortweg dan: **Roetemerker vir Tieners**

Dit is ons oortuiging dat hierdie Roetemerker nie eensydig uitgelig behoort te word nie, maar as besondere deel van die geheel ontwikkel word. Die kritiese belang van hierdie lewensdeurgang, “verplig” die kerk om hierdie Roetemerker ernstig te neem. Die Roetemerker moet as besondere stilhouplek en deurgang op hierdie lewensreis ontwikkel word. By hierdie deurgang behoort langer stilgehou te word en deeglik aandag gegee word aan die karakter van roetemerkers naamlik:

- **Oriëntering**;
- **Identifisering**;
- **Belydenis** en **bevestiging.**

In die grootste deel van die Christelike wêreld word hierdie deurgang ook as beslissende verbintenis aan die gemeente beskou. Uit navorsing is dit duidelik dat juis dit nie altyd by hierdie deurgang gebeur nie. Die ‘wegraak’ syfer is ontstellend hoog. Die multinasionale navorsing in Europa bevestig ook dat vir die groep vroeë adolessente die sosiale karakter van hierdie oorgang van groter belang is as byv. die bevestiging (konfirmasie) element. Op die pad van navolging van Christus en belydenis van hoe ‘ons’ op hierdie lewensweg toenemend (met beter opleiding en groter insig) met God rekening hou –in Hom glo –is hierdie lewensdeurgang van kritiese belang!

5.3.3 Geloofsbegeleiding (kategese) en hierdie roetemerker

In die ontwikkeling van materiaal behoort daar in die laaste jaar as groter kind (11/12) enkele hoofstukke ingebou word wat direk voorbereidend vir hierdie Roetemerker is. Sake soos die volgende behoort oorweeg te word:

- Die verstaan van my doop tydens hierdie fase met sy voortekens van wat in adolessensie wag. Dink byvoorbeeld aan momente van Identiteit wat die identiteitsvindingsfase (Erikson) vooraf gaan. As Erikson reg is (en hy is nog nie hieroor verkeerd bewys nie) word ‘rol-verwarring’ gevind wanneer identiteitsvinding misloop;

[34] Vgl. Malan Nel in Cas Wepener en Anandie Greyling, 2019, p 58-64. In die volgende roetemerker wat by 17/18 gevier word is die klem veral op: God is by my en ek verbind my aan julle (die ons).

- Die voorbereiding van ‘n fase waar my groep selfs belangriker word as byvoorbeeld my ouers. Dit is wesenlik deel van identiteitsvinding, maar dikwels in gemeentes onderspeel: die belang van ‘met wie gaan ek my assosieer’ – die ontdekking op ‘my ouderdom’ hoe belangrik die gemeenskap van die gelowiges is en hoe die plaaslike geloofsgemeenskap dit vergestalt. Die konkrete wese van ‘inklusiewe denke oor jeug en jeugbediening’ wortel hier;
- Die toerusting (instaatstelling, opleiding) in die deel van hoe ‘ek’ op 12/13 as deel van die ‘ons’ rekenskap gee van hoe ek met God rekening hou (geloofdeling);

5.4 DIE LITURGIESE KARAKTER VAN HIERDIE ROETEMERKER
5.4.1 Uit bevindinge in internasionale navorsing (die multinasionale projek in Europa en die multidenominasionele projek in die VSA) is dit duidelik dat ons wys sal wees as die liturgie gekenmerk word deur *koinoniale*viering in en van die geloofsgemeenskap. En dit is ook nie iets bykomend tot gesonde liturgie nie. Dit is per slot van rekening ‘n aanbiddingsritme binne die “Gottesdienst” in belang van die navolging van God.

5.4.2 Dit inaggenome behoort so ‘n liturgie vir hierdie ouderdomsgroep ryk te wees aan:
Ons dimensies om meer as een rede:

- Die ***behoort*** van die doop, die ingelyfdheid;
- Die voedsel vir die pad in die brood en wyn van die nagmaal as sakrament en gemeenskapsmaal;
- Die teenpool van die ***alleen (selfs al een)*** emosies van vroeë adolessensie;
- Die navorsing wat die belangrikheid van die ‘sosiale’ vir die tieners self uitgewys het;
- Die kritiese keuses van ‘met wie ek assosieer’.

U dimensie van aanbidding:
- Die uniekheid van die Een aan Wie ons behoort en in Wie se Naam ons gedoop is;
- Die beloftes van sy liefde en teenwoordigheid vir ‘wat ookal’ voorlê
- Die “code for the road”, “the creed to believe” en “the dream of esteem” wat in sy teenwoordigheid en woorde vir die pad opgesluit lê.

Belydenis dimensie van *verbind*met die insig tot my beskikking:
- Aan die liggaam van Christus as dienend teenwoordig in hierdie wêreld;
- Aan die belydenis van die spesifieke (Nederduitse) Gereformeerde gestalte van hierdie liggaam;
- Aan hulle wat my as ouers of ouer tot hier begelei het om as navolger van Jesus Christus met God rekening te hou – om aan te hou om by Hom en by hulle te leer hoe ons in lewenskeuses met hom rekening hou;
- Deel te neem aan ‘n werklike of simboliese ‘offer’ van dankbaarheid dat ons kinders van God is;
- Sommer net weer aan my voorkop te vat en te bely aan Wie ek behoort!

5.5 GESUGGEREERDE “FORMULIER”[35]

Liturg:
Die lewe is ‘n reis. Die Bybel verwys dikwels na die lewe as ‘n pad, ‘n weg (vgl. Spreuke 3:6: Ps. 119:9). Langs hierdie pad is stilhou plekke waar ons sommer net terugkyk en vorentoe kyk. As gelowiges volg ons Jesus op ons lewenspad. Hy help ons:

[35] Die taakgroep sien hierdie as basiese elemente van ‘n formulier vir gebruik by hierdie Roetemerker.

- Om terug te kyk. Die pad is nie vir almal ewe gelyk nie. Die Here help ons om terug te kyk en te onthou: Jesus was by my. En as ons ver terugkyk 'sien' ons weer die doopwater waar God aan my ouers beloof het: Ek weet van hierdie kindjie. Ek het haar/hom lief en sal by haar/hom bly;
- Om rondom my en vorentoe te kyk. En ek sien my pad is ook 'n ons pad: saam met Christen-maats, my ouers en die gemeente (geloofsfamilie) waarvan ek deel is. Ek gaan hierdie pad agter Jesus aan saam met ander loop. Alleen is net te gevaarlik.

Al sien ek eintlik net een dag op 'n slag, ***bely en beloof*** ek in hierdie nuwe lewensfase:

- Daar is net een God, ek behoort aan God, ek is in sy Naam gedoop en in hierdie nuwe fase van my lewe wil ek God liefhê met alles in my en my naaste soos myself – want God het my lief;
- Dat ek nie die pad alleen gaan loop nie. Ek gaan saam met my ouers, die gemeente en my mede-volgelinge van Jesus binne my ouderdomsgroep Jesus as die Here van my lewe volg;
- Dat ek sal voortgaan om te ontdek wat God ons in die Bybel leer oor die lewe en hoe om die lewe (tot sy eer) te leef;
- Dat ek sal voortgaan om saam met ander te ontdek hoe ek in hierdie fase van my lewe kan deel **dat** en **hoe** ek met God rekening hou – geloofdeling;
- Dat ek saam met die gemeente gaan deelneem aan hoe ons die aarde kan versorg, in die nood van mense kan voorsien en saam soek na dit wat reg en billik is.

Liturg aan lede van die groep: individueel of as groep:
Jou antwoord?
Deelnemers: Ja, met my hele hart.
Verklaring deur Liturg namens die gemeente:
Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop word hiermee weer eens verklaar dat jy reeds deel is hierdie geloofsfamilie, dat jy deur jou doop lidmaat van die gemeente is. As jou mede-volgelinge van Jesus onderneem ons om jou tydens hierdie lewensfase te ondersteun. Ons sal vir jou bid en saam met jou ontdek hoe ons die lewe in navolging van Jesus leef. Ons wil graag 'n ruimte wees waar jy en jou ouers, jy en jou 'peer'-groep veilig is en waar ons na jou luister en van jou leer hoe iemand in hierdie lewensfase Jesus volg, dien en jou geloof met ander deel.
Gemeente:
Ons onderneem van harte om ook die volgende deel van die pad saam met jou/julle en jou/julle ouers te loop. Mag die Here jou dra en seën!

5.6 ROETEMERKER VIR TIENERS: GESUGGEREERDE LITURGIE[36]

Onderstaande is 'n liturgie van 'ons is by jou' omdat God só by jou is. Die gemeente, in 'n bepaalde erediens, fokus op hierdie groep lidmate wat op die drumpel van tienerwees staan. Dit mag op een van twee tye pas: aan die einde van die laaste jaar in dieLaerskool of aan die begin van die eerste jaar in die Hoërskool. Die liturgie wat ek hier aanbied is bedoel vir gemeentes waar 'n gesinsgerigte bedieningsfilosofie operasioneel is en sal beste binne 'n gesinsdiens pas. Soos reeds hierbo verwys: sou daar in hierdie groep ongedooptes wees, gaan die doop die deelname aan die Roetemerker vooraf.
Dit mag goed wees om die meer volledige liturgie telkens aan die einde van die kindfase(Laerskoolfase) te hê en 'n verkorte herinnering aan die begin van die nuwe skooljaar waarskynlik binne 'n erediens gerig op die adolessente –in baie gemeentes tydens 'n aanddiens. Dit is tegelyk ook 'n Liturgie vir die einde van die lewensreis as kind.

1 **Verwelkoming** met besondere klem op die deel/groep van 'ons' wat op die drumpel staan van afskeid van 'ons' kind deel van die lewe. Kort insetsel van 'n video van een van die lidmate alreeds in vroeë adolessensie. Miskien uit die vorige jaar se groep (nou reeds 14/15 jaar oud)
2 **Votum**
Ons is almal mense wat op pad is. En God is by ons op die pad wat ons'ons lewe' noem.

[36] Met toestemming aangepas en oorgeneem uit: Malan Nel in Cas Wepener en Anandie Greyling, 2019, p 58-64.

Lees Psalm 121 met uitlig van 7 en 8: “Die HERE sal jou beskerm teen elke onheil. Hy sal jou lewe beskerm. Die HERE sal jou uitgaan en jou terugkeer beskerm van nou af en vir altyd.” (2020V)
3 **Twee liedere**
Om ons aan die mooi deel van kindwees te herinner: 543:1,3
Om ons aan God se nabyheid te herinner: 509:1,2
4 **Gebed**
5 **Skriflesing**
Moontlike perikope:
Gen. 27:46-28:22: As jy toe geleef het, was dit tyd om die huis te verlaat!
1 Petr. 2: 4-8: Wie op Hom bou en tussen die ander stene bly “word nooit teleurgestel nie”!
6 **Formulier vir Roetemerker vir Tieners**
Indien daar in die groep iemand is wat nog nie gedoop is nie, kan die doop op hierdie stadium aan so iemand bedien word. Die verwagting is dat die ouers en/of voogde van so ‘n persoon aktief by die doop van so ‘n persoon betrokke is.
Die betrokke groep word gevra om op die liturgiese ruimte plek in te neem;
7 **Geloofsbelydenis**
Terwyl hulle almal op die liturgiese sentrum staan, kan die res van die gemeente opstaan en met uit gesteekte seënende hande saam met hulle bely:
Ons glo in God wat alles gemaak het en by ons is;
Ons glo in Jesus Christus, die Here wat by ons is;
Ons glo in die Heilige Gees wat in ons woon en by ons bly;
Ons glo aan die gemeenskap van gelowiges wat ons vashou en saam met ons die pad van die lewe loop!
8 **Viering van die nagmaal**
9 **Antwoord**
Die gemeente sing saam ‘n loflied en toewydingsliedere:
Vonkk95 “Daar is niemand soos U nie”;
Vonkk 314 “Vier die lewe”
10 Ons wy ons **dankoffer**as simbool van ons lewens aan God. Laat hierdie groep lidmate die dankoffers opneem.
11 **Aäronitiese seën**
“Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!”
(Num. 6:24-26)

6. DIE ONTWIKKELING VIR DIE ROETEMERKER VIR JONGVOLWASSENES

6.1 WAT HIER VOLG SLUIT DIREK AAN BY ‘DIE AARD VAN ROETEMERKERS’ (PUNT 2 HIERBO). Dit is ons poging om uitvoering te gee aan die besluit:

“die sinode besluit om die huidige praktyk van bvg rondom die ouderdom van 17/18, uit te brei as ’n persoonlike en publieke roetemerker wat begelei na jongvolwassenheid.”

6.2 DIE UNIEKHEID VAN DIE ROETEMERKER VIR JONGVOLWASSENES

Vanuit ‘n historiese ontwikkeling in die NG Kerk het belydenisaflegging geskied rondom die ouderdom 17/18 jaar.[37] Daar is ‘n beduidende hoeveelheid ontwikkelingsteorieë wat die kritiese belang van die

[37] Vosloo, A, 2016, *Belydenisaflegging in die NG Kerk: ‘n Liturgiese Verkenning,* Ongepubliseerde MDiv verhandeling. Universiteit van Pretoria.

lewensoorgang na jongvolwassenheid motiveer.[38] Hierdie fase is ‘n kritiese fase van verdere identiteitsontwikkeling en hierdie Roetemerker wil juis ’n ruimte skep om voor ‘n geloofsgemeenskap ’n ***openbare belydenis***oor en verbintenis aan God, sy koninkryk en die Nederduitse Gereformeerde gestalte van die kerk te maak.[39]

Tydens ’n oorgang na jongvolwassenheidis dit ’n verdere ontwikkeling van ’n mens se identiteit. Dit word ook gereeld as vreesaanjaend ervaar en geken aan onsekerheid. Dit kan juis geloofsvormend wees vir jongmense om op die ouderdom 17/18 te bevestig wie hulle reeds in Christus is en ’n publiekeverbintenis te maak. Hierdie bevestiging en verbintenis van *wie hulle* is, asook die verbintenis aan die *ons*kanmoontlik in die uitdagende oorgang van jongvolwassenheid hulle oriënteer en dra.

Wat die unieke karakter van hierdiéRoetemerker betref, word daar ‘n sterker klem gelê op die jongvolwassene se verbintenis aan *ons*(geloofsgemeenskap), aan God, asook die publieke aard van hierdie belydenis.

6.3 ONTWIKKELING VAN NUWE KULTUUR

6.3.1 Soos reeds genoem is die NG kerk reeds besig om ‘n nuwe kultuur van roetemerkers te ontwikkel.

6.3.2 Benaming

Dit is duidelik wat die aard van hierdie lewensdeurgang is: dit is ‘n lewensdeurgang na:

- Ontluikende volwassenheid (verreikende lewenskeuses)
- Onafhanklikheid
- Skoolverlating
- Jongvolwassenheid

Die klem val op ‘n roetemerker waar die jongmens deurgaan na die nie-meer-tiener-nie. By hierdie meermale onsekere deurgang is dit krities om so ‘n lidmaat te herinner God is by jou en ons is by jou, soos ook by die Roetemerker vir Tieners. Tog val die klem by hierdie Roetemerker op:

God is by my en ek verbind my aan julle (die ons).

Die klem van hierdie Roetemerker is dat die jongmense self bevestig dat ‘ons’ bewus daarvan is dat God by ons is (oriëntering) en ons (as jongmense) bevestig en identifiseer met hierdie geloofsgemeenskap.

Dit is ons oortuiging dat hierdie Roetemerker nie eensydig uitgelig behoort te word nie, maar as besondere deel van die geheel ontwikkel te word. Deeglike aandag moet gegee word aan die karakter van roetemerkers naamlik:

- **Oriëntering**;
- **Identifisering**;
- **Belydenis** en **bevestiging.**

Daar behoort ‘n nuwe kultuur ontwikkel te word waar die huidige praktyk van Belydenisafleggingrondom die ouderdom 17/18 nie as ’n ‘gradeplegtigheid’ van katkisasie gesien word nie. Die huidige liturgiese ritueel, tans bekend as belydenisaflegging, ontvang as te ware ’n nuwe betekenis binne die teologie van roetemerkers met ‘n nuwe benaming: **Roetemerker vir Jongvolwassenes.**

6.3.3Geloofsbegeleiding (Kategese) en hierdie Roetemerker

[38] Cf. Greyling, A. 2018, *Belydenisaflegging in die NG Kerk: ‘n Ritueel-liturgiese ondersoek,* Ongepubliseerde MTh verhandeling, Universiteit van Pretoria.
[39] Cf. Greyling, A. en Van Niekerk, W. 2019, *Roetemerkers*, Wellington: Bybel-Media

In die ontwikkeling van (kategese) materiaal behoort daar oor die algemeen tydens kinders en in hierdie geval tieners se geloofsvorming meer klem gelê word op:

- 'n Groter geïntegreerdheid tussen die doop, nagmaal en hierdie belydenis tydens hierdie Roetemerker:)[40]
- 'n Gereformeerde, sakramentsteologie wat deurgaans op verskillende ouderdomme gevier word;
- Die toerusting (instaatstelling, opleiding) in hoe 'ek' as deel van die 'ons' rekenskap gee van hoe ek met God rekening hou (geloofdeling);
- Minder *sekerhede* (asof ons nou reeds alles *weet)*, maar meer vormend van aard om hul te ontmoet waar hul in hul geloofsreis is;

In die ontwikkeling van kategese materiaal behoort daar klem gelê te word op die jaargroep(e) op pad na jongvolwassenheid:

- Teorieë rondom identiteitsvorming en -krisis;
- Om kritiese vrae in hierdie oorgangsfase aan te moedig;
- Aandag skenk aan hermeneutiek (Skrifgesag en -verstaan) en om etiese vraagstukke vanuit die Skrif te benader.
- Ontluikende volwassenheid (verreikende lewenskeuses)

6.4 DIE LITURGIESE KARAKTER VAN DIE ROETEMERKER

6.4.1Soos genoem by die Roetemerker vir Tieners behoort so 'n liturgie vir hierdie ouderdomsgroep ryk te wees aan:

Ons dimensies om meer as een rede:

- Die ***behoort*** van die doop, die ingelyfdheid;
- Die voedsel vir die pad in die brood en wyn van die nagmaal as sakrament en gemeenskapsmaal;
- Die teenpool van die ***alleen (selfs al een)*** emosies van vroeë adolessensie;
- Die navorsing wat die belangrikheid van die 'sosiale' vir die tieners self uitgewys het;
- Die kritiese keuses van 'met wie ek assosieer'.

U dimensie van aanbidding:

- Die uniekheid van die Een aan Wie ons behoort en in Wie se Naam ons gedoop is;
- Die beloftes van sy liefde en teenwoordigheid vir 'wat ookal' voorlê
- Die "code for the road", "the creed to believe" en "the dream of esteem" wat in sy teenwoordigheid en woorde vir die pad opgesluit lê.

Belydenis dimensie van *verbind*met die insig tot my beskikking;

- Aan die liggaam van Christus as dienend teenwoordig in hierdie wêreld;
- Aan die belydenis van die spesifieke (Nederduitse) Gereformeerde gestalte van hierdie liggaam;
- Aan hulle wat my as ouers of ouer tot hier begelei het om as navolger van Jesus Christus met God rekening te hou – om aan te hou om by God en by hulle te leer hoe ons in lewenskeuses met God rekening hou;
- Deel te neem aan 'n werklike of simboliese 'offer' van dankbaarheid dat ons kinders van God is;
- Sommer net weer aan my voorkop te vat en te bely aan Wie ek behoort!

6.4.2 Die liturg kan oorweeg om vir tieners met beperkte verstandelike vermoëns eerder die vrae vanuit die voorstel in die *Handleiding vir die erediens 2010*vir Belydenisaflegging te gebruik. Pas dit pastoraal aan om by die lewensdeurgang na jongvolwassenheid, waarin en wanneer die tiener hom- of haarself

[40] Cf. Handelinge van die Nederduitse Gereformeerde Algemene Sinode 2015, 118.

daarin bevind, aan te sluit as ‘n Roetemerker. Die voorstel vir *Laastes en Eerstes*in *Roetemerkers*[41] kan ook gebruik word.

6.5 GESUGGEREERDE “FORMULIER”
(Die gesuggereerde formulier (en later liturgie) wat hier onder voorgestel word, is vir tieners wat deel is van skolastiese graadgroepe of katkisasie by ‘n gemeente.)

Liturg:
Die lewe is ‘n reis. Die Bybel verwys dikwels na die lewe as ‘n pad, ‘n weg (vgl. Spreuke 3:6: Ps. 119:9). Langs hierdie pad is stilhou plekke waar ons sommer net terugkyk en vorentoe kyk. As gelowiges volg ons Jesus op ons lewenspad. Hy help ons:

- Om terug te kyk. Die pad is nie vir almal ewe gelyk nie. Die Here help ons om terug te kyk en te onthou: Jesus was by my. En as ons ver terugkyk ‘sien’ ons weer die doopwater waar God aan my ouers beloof het: Ek weet van hierdie kindjie. Ek het haar/hom lief en sal by haar bly;
- Om rondom my en vorentoe te kyk. Ek sien ‘my’ pad is ook ‘ons’ pad: saam met Christen-maats, my ouers en die gemeente (geloofsfamilie) waarvan ek deel is. Ek gaan hierdie pad agter Jesus aan **saam** met ander loop. Alleen is gevaarlik.

Al sien ek eintlik net een dag op ‘n slag, ***bely en belooof***ek in hierdie nuwe lewensfaseniks anders as om te sê dat Jesus Christus die Here is, en dat Jesus die Here van **my** lewe is. Dit beteken:

- Daar is net een God, ek behoort aan God, ek is in sy Naam gedoop en in hierdie nuwe fase van my lewe wil ek God liefhê met alles in my en my naaste soos myself – want God het my lief;
- Dat ek nie die pad alleen gaan loop nie. Ek gaan saam met die gemeente en my mede-volgelinge van Jesus, Jesus as die Here van my lewe volg;
- Dat ek sal voortgaan om te ontdek wat God ons in die Bybel leer oor die lewe en hoe ons die lewe (tot sy eer) te leef – **veral in ons keuses tydens hierdie lewensfase;**
- Dat ek sal voortgaan om saam met ander te ontdek hoe ek in hierdie fase van my lewe kan deel **dat en hoe ek met God rekening hou**;
- Dat ek saam met die gemeente na die Koninkryk soek - deelneem aan hoe ons die aarde kan versorg, in die nood van mense kan voorsien en saam soek na dit wat reg en billik is.
- Dat ek my identifiseer met en verbind aan die **belydenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.**

Liturg aan lede van die groep: individueel of as groep:
Jou antwoord?
Deelnemers: “Ja, met my hele hart.”
Verklaring deur Liturg namens die gemeente:
Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop word hiermee weer eens verklaar dat jy reeds deel is van hierdie geloofsfamilie, dat jy deur jou doop lidmaat van die gemeente is. As jou mede-volgelinge van Jesus onderneem ons om jou tydens hierdie lewensfase te ondersteun. Ons sal vir jou bid en saam met jou ontdek hoe ons die lewe in navolging van Jesus leef. Julle aanvaar vandag ook nog meer verantwoordelikheid binne hierdie geloofsfamilie, waarvan julle deel is. Ons wil graag ruimte wees waar jy veilig is en ons na jou luister en van jou leer hoe iemand in hierdie lewensfase Jesus volg, dien en jou geloof met ander deel.
Gemeente:
Ons onderneem van harte om ook die volgende deel van die pad saam met jou/julle te loop. Mag die Here jou dra en seën!

6.6 ROETEMERKER VIR JONGVOLWASSENES: GESUGGEREERDELITURGIE[42]

[41] Cf. Greyling, A. en Van Niekerk, W. 2019, *Roetemerkers*, Wellington: Bybel-Media [42] Indien die gemeente ‘n meer informele liturgie sou verkies, sien gerus Greyling, A. 2019, *Verbintenis,* in Greyling, A. en Van Niekerk (reds.)*,* Wellington: Bybel-Media. Publikasie titel *Roetemerkers.*

Onderstaande is een liturgiese voorstel van ‘ek is by julle’ en vier elkeen opnuut ‘n herverbintenis, omdat God ons reeds aan hom verbind het. Die gemeente in ‘n bepaalde erediens fokus op hierdie groep lidmate wat op die drumpel van jongvolwassenheid staan. Dit mag op verskillende tye pas: aan die einde van hul graad 11 jaar; die begin van hul matriek jaar of selfs aan die einde van hul matriek jaar.

1 **Verwelkoming**
Verwelkoming met besondere klem op die ‘ek is by julle’ wat die jongmense vandag bely en ter selfde tyd ook die oorgang op pad na jongvolwassenheid.
2 **Votum en Seëngroet**
Ons is almal mense wat op pad is. En God is by ons op die pad wat ons ‘ons lewe’ noem.
Lees Psalm 117 met klem op vers 2 “want sy liefde vir ons is sterk.”
3 **Twee liedere**
Lied 159: “God is hier teenwoordig”Flam 46: “Ek weet, ek weet verseker”
4 **Gebed**
5 **Skriflesing en Woordverkondiging**
Moontlike perikoop: Lukas 22:54-62
In die teks verloën Petrus nie net vir Jesus nie, maar ook sy eie identiteit. As jongmense wat vandag die “ek is by julle” belydenis aflê, kan dit sinvol wees om die verband te lê met hul identiteit wat in hul doop bevestig is. En daarom in die nabye, onsekere toekoms is die uitdaging vir hulle om nie hulle identiteit, wat hul vandag bevestig het, te verloën nie.
6 **Doopherinnering**[43] 7 **Gesuggereerde Formulier: Roetemerker vir Jongvolwassenes**
Die betrokke groep word gevra om op die liturgiese ruimte plek in te neem
8 **Nagmaalsformulier**
Die nagmaal is ‘n verbondsmaaltyd waar ons herinner word dat ons aan Christus en mekaar verbind is. Dit is ‘n uitnodiging om opnuut deur die Heilige Gees verseker te word van ons verlossing in Christus en dat dit nie op ons gevoelens gebaseer is nie. Wanneer ons saam die brood breek en die wyn drink, word ons vandag opnuut herinner dat ons nie alleen is nie. Selfs wanneer ons soos die Emmausgangers onbewus van God se teenwoordigheid is, is Hy altyd met ons. Ons draai ook vandag na ons geloofsgemeenskap en besef dat ons breek sààm brood en drink sààm wyn. Ons reis ook sààm met mekaar deur die lewe.
9 **Apostoliese geloofsbelydenis**
10 **Gebed**
Lied 266: “Ons Vader wat woon in die hemel”11 Viering van die nagmaal.[44]
12 **Die gemeente sing ‘n toewydingslied**
Flam 146: “Alles vir my”
13 **Dankoffers**
Ons wy ons dankoffer as simbool van ons lewens aan God. Laat hierdie groep lidmate die dankoffers opneem.
14 Liturg spreek die **seën**uit
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees. (2 Kor. 13:13)

7. KLEIN KATEGISMUS ROETEMERKERS

Ons gebruik die opskrif “Klein Kategismus” want:

- Hierdie video is ‘n kompakte opsomming. Vir die volledige verslag sien Handelinge van AS (2019).

[43] Indien iemand in die groep nog nie gedoop is nie, sou hy/sy by hierdie moment gedoop kon word.
[44] Simbolies mag dit gepas wees om die groep, sou ruimte dit toelaat, aan die tafel te laat aansit.

• Die HK is as “leerboek vir die jeug” opgestel aan die hand van die “Vraag en Antwoord” metode. Hierdie leermetode is vandag nog baie effektief.

Vraag 1: Waarom nou skielik die gebruik van RM?

- Hoewel RM ‘n nuwe konsep is (sedert AS 2019), is die teologie daaragter vir die NGK baie oud.
- Sedert 1998 kan kinders nagmaal gebruik. Hierdie deelneem het o.a. ingesluit dat kinders ook bely dat Christus hulle Here is. So het die vraag dan ontstaan “Waarom dan nog Belydenis van geloof?”
- Reeds is 2004 het die kerk bevestig dat daar net EEN manier is waarop jy deel van die NGK kan word –en dit is deur die doop –nie deur belydenis van geloof nie. Die belydenis het te make met jou “inblywing” maar nie jou “inlywing” nie.
- RM is nie sakramente nie en kan nie die sakramente vervang nie. RM verdiep my verstaan en belewing van die sakramente.

Vraag 2: Wat behels RM?

- Die term RM is gekies bo “Mylpaal” want ‘n mylpaal in die Bedryfswetenskappe dui op ‘n doelwit. RM het niks te make met doelwitte of “hekkies” nie maar het alles te make Geloofsontwikkeling.
- Die lewe is ‘n reis saam met God. Op hierdie lewensreis beleef jy deurgange (tye van liminaliteit waarin jy jou moet losmaak van die bekende en vasmaak aan die onbekende). Ons kan ook praat van “Oorstaptye” (term van F Deist “Oorstaptyd”).
- RM benut deurgange as Geloofsontwikkeling deur:
    - **Oriëntasie:**Waar kom ek vandaan? Waar is ek nou? Waarheen is ek op pad? (Code for the road –vgl. Osmer, 2001)
    - **Identifikasie:**Wie is ek en Wie s’n is ek? (Dream to esteem –vgl. Osmer, 2001)
    - **Belydenis:**Wat glo ek en wat is vir my belangrik? (Creed to believe –vgl. Osmer, 2001)

Vraag 3: Watter geleenthede bied RM?

- RM vind op volgende maniere plaas (vgl. C Forster):
    - **Gesprek**–‘n jaar se kategese waar 'n sillabus byvoorbeeld "Verwoord wat jy glo" (verwerking van G8) by die roetemerker van jong volwassenes gebruik kan word.
    - **Viering** –‘n erediens waarin simbole en rituele benut word soos byvoorbeeld by die viering van die roetemerker van jongvolwassenes of -tieners.
    - **Diens**–RM het altyd ‘n missionale karakter en is deel van die kerk se Uitreikbediening. Jongmense word bewus dat hulle deel van die geloofsfamilie is wat God se liefde sigbaar maak.
- Die ouerhuis is onvervangbaar vir die sinvolle gebruik van RM en daarom behoort die ouers voortdurend deel van hierdie bediening te wees.
- RM het niks te make met die toelating tot lidmaatskap nie maar bied die geleentheid tot verdieping van my lidmaatskap. Daarom is RM niks anders as lidmaatskaptoerusting nie (die ou LTP).

Vraag 4: Wat gaan RM van my as gemeenteleier vra?

- Aangesien “Gesprek” (kategese) een van die modi (wyses) is waarop RM benut word, staan Taakspan Kategese jou by met toerustingmateriaal.

Vraag 5: Watter RM is daar alles?

- Die tradisionele “Belydenis van geloof” ontvang as te ware ‘n nuwe betekenis binne die teologie van roetemerkers met RM vir/van jong volwassenes. Gewoonlik in Graad 11 maar hierdie RM kan ook later plaasvind en kan die “RM vir/van Verbintenis” genoem word.

- Skoolverwisselingen puberteit is geweldige belangrike deurgange en daarom is daar ook die "RM vir/van tieners" aan die einde van Graad 7 of begin van Graad 8.

8. OUERTOERUSTING EERSTE NAGMAALVIERING EN BEGELEIDING BY ROETEMERKERS

8.1INLEIDEND

Die besluit van die AS (2019) wat tot onderstaande verslag aanleiding gee, lui soos volg: *Die sinode besluit om dringende aandag te skenk aan ouertoerusting ten opsigte van die eerste nagmaalviering van hulle gedoopte kinders en begeleiding by die daaropvolgende roetemerkers.* (AS 2019, Notule ...)

Die agtergrond van die opdrag kan vanuit die verslag wat deur die AS aanvaar is, kortliks soos volg opgesom word:

- Belydenis van geloof, as navolger van Christus, vind dwarsdeur en as deel van ons lewe as mense van die weg plaas;
- Gemeentes vier hierdie belydenis van geloof deur gedoopte mense (lidmate van die gemeente) by bepaalde lewens deurgange – roetemerkers;
- Verbondsouers (wat as mense van die weg hulle kinders laat doop het) speel 'n kritiese rol in die geloofsontwikkeling van hierdie gedoopte kinders om met groeiende insig en toewyding hulle geloof te bely;
- Die deelname aan die nagmaal word as unieke viering van die doop gesien en ouers behoort 'n groter rol te speel in die begeleiding van hulle kinders by en tydens die eerste nagmaalviering;
- Ouers is in elk geval by die lewensdeurgange van hulle kinders betrokke. Op watter wyses kan hierdie betrokkenheid die gemeente se begeleiding tot hierdie deurgange en die viering by lewens deurgange/roetemerkers versterk en verryk?

8.2 'N MOONTLIKE WEG?

8.2.1Wat ons oor wonder?

Ons weet van geen navorsing in Jeugbediening wat nie toenemend werk met 'n reeds baie ou teorie: die meeste kinders kies die lewensbeskouing van hulle ouers. Johan Avenant se navorsing vir sy Magister en PhD studie bevestig dit ook vir die NG Kerk.

In die proses van hierdie groeiende insig ontdek ons wel byna daagliks dat ook die NG Kerk nie genoeg gedoen het om ouers te help in die begeleiding van hulle gedoopte kinders as mede-lidmate op die pad van geloofsbelydenis of geloofdeling nie.

Binne die verstaan dat geloofsontwikkeling lewenslank plaasvind (soos in 3.2 van die verslag aan die AS beredeneer). In hierdie ontwikkeling en toenemende insig in die Evangelie van die Koninkryk en die belydenis van die Ned Geref Kerk speel die ouers en die gemeente 'n groot rol. En die vraag is hoe ons ouers help om hulle deurslaggewende deelname in die geloofsontwikkeling van die gedoopte kind nog meer effektief te vervul?

- Menige leraar stem saam dat sommige (baie?) ouers nie eens altyd 'n benaderde antwoord kan gee oor waarom hulle hulle kinders ten doop gebring het nie;
- Wat dan nog van 'n ouerlike nabyheid-verduideliking oor wat die doop beteken nie;
- Hoe deel ouers hulle geloof – hoe weet ons kinders dat ons as mense wat Jesus volg met God rekening hou in alles wat ons is en doen;
- Hoe neem ouers deel aan die ontvouing van beter verstaan van die Skrif en belydenis om spontaan en doelbewus deel te neem aan geloofsontwikkeling sodat daar by 'n volgende

roetemerker (soos bv. roetemerker vir tieners) met nog groter insig bely word dat ons aan God.

8.2.2 Ontwikkeling van ‘n nuwe ouertoerustende bedieningsfilosofie

8.2.2.1 Ons kan nie te vroeg begin nie. Gesinsbediening het ‘n effek op alles wat in die gemeente gebeur. Volgens Charles M Sell behels dit alle kreatiewe pogings om ouers (enkel of albei) te help. Dit sluit dan veral in ‘n jeugbediening wat fokus op die onderbou vir toekomstige vaders en moeders wat beter verstaan wat navolging van Jesus beteken wanneer daardie dag (van ouerskap) ookal mag aanbreek. Sell noem dit “Christian Education ***for*** or ***of*** the home”. Maar dit sluit ook in “Christian Education in die Home or Family Nurture”. Albei is krities. En albei moet ontwikkel word. Wat hier volg, lê meer op die terrein van die tweede: “Family Nurture”.

8.2.2.2 Die volgende is na ons gedagtes en met die navorsing tot ons beskikking **kritiese stilhou** plekke of roetemerkers deurgange vir gemeentes wat mekaar (ouers en jeug) op hierdie pad wil help:

- Maak nuwe erns met huwelikskategese;
- By doopkategese - in die gees van die bedoeling van die *didache* as begeleiding op die weg (sien die verslag):
    - Deel die bedoeling van ‘n roetemerker-benadering met die ouer(s) of met ouer-groep;
    - Deel inligting oor die huidige bestaande roetemerkers, die ouer(s) se rol en die gemeente se ondersteuning
- Oorweeg om jaarliks ‘opleiding/toerusting/voorbereiding’ in geloofdeling aan ouers te gee. In hierdie saamloop met ouers leer ons as mense van die weg, volgelinge van Jesus, hoe ons rekenskap gee oor die hoop wat in ons is (vgl. 1 Pet. 3:14-16);
- In ‘n gemeente waar hierdie bedieningsfilosofie aanvaar word, word die nagmaal hopelik as sakrament gereeld gevier. Deel van hierdie benadering is die bekendheid dat kinders tot die nagmaal toegelaat word. Maak sover moontlik seker:
    - dat ouers wat oorweeg om hulle kinders vir die hulle eerste nagmaalviering aan te moedig, saam (as ouers) praat;
    - sommer net weer nadink oor wat ons as gedooptes aan die tafel doen en hoe ons dit bevatlik aan die kind wat oorweeg om vir ‘n eerste keer aan die nagmaal deel te neem, verduidelik;
    - hoe ons in die liturgie (telkens weer) hierdie kinders en hulle ouers wat hulle hiertoe voorberei het, laat deelneem aan die ‘tafel van die Here’.
- Trek ouers (albei of enkel) in by die voorbereiding van en deelname aan die liturgie by elke roetemerker wat in die gemeente gevier word;
- Fokus so dikwels moontlik op die betekenis van die nagmaal in die prediking by nagmaalviering – en maak dit sonder om soos onderwyser te klink duidelik dat díe preek ook gespreksmateriaal is vir die gesprek met ‘my kinders’;
- Ontwikkel deur alle moontlike kanale ‘n ryk sakramentele tradisie in die gemeente;
- Help om te ‘verstaan’ dat ‘verstaan’ nie die sakrament geldig maak nie, maar dat dit wel die viering daarvan in en as deel van die liggaam verdiep en verryk;
- Ontwikkel dissipelskap en dissipelmaking deur en in ouerhuise – ons is op reis as leerlinge van die Christus. En al is die Sakrament nie ‘n roetemerker nie is dit wel ‘n viering van ons doop tydens hierdie reis met sy roetemerkers/lewensdeurgange;
- Ontwikkel deur gesprek en betekenisgewing tydens roetemerker-vierings aan die basiese betekenis van roetemerkers: daar vind oriëntering, identifisering en belydenis plaas;
- Ontwikkel hierdie bedieningsfilosofie deur middel van wat Vorster genoem het, **Gesprek, Viering en Diens**. Gesinne wat **praat** en **dien, vier** met groter vreugde!!

8.2.3 Dit mag wys wees om aan die begin van elke jaar ‘n gesprek met ouers met voorskoolse kinders te hê. Laat ouers in gesprek met mekaar en met die leiding van die leraar self besluit oor die ‘wanneer’ van sy/haar/hulle kind se eerste nagmaal. Daar is praktiese aanduidings dat kinders net voor hulle skool toe gaan hieroor begin vrae vra en miskien ‘ryp’ is vir die eerste gesprek en ‘voorbereiding’. Leraars behoort in staat te wees om selfs aan ouers leidrade/riglyne vir so ‘n gesprek te gee.

8.3 SAMEVATTEND
Ouers en die gemeente neem saam deel aan geloofsontwikkeling. Van die twee vennote speel ouers die primêre rol. Wat jy by Pa of Ma of Pa en Ma hoor, bly!

Om op hierdie reis agter Jesus aan en saam met Hom as gesin nagmaal te vier is groots! Ouers het mekaar as medegelowiges nodig en die gemeente kan die ruimte wees waar ons mekaar hiermee help en hierin ondersteun

Nog belangriker: Hierdie toerusting aan ouers behoort en is hopelik deel van ‘n gemeentekultuur waar mense van die weg (dissipels) voortdurend ontwikkel in ons rekening hou met God (ons geloof) en voortdurend saam lewensdeurgange ook liturgies as geloofsgemeenskap vier.

9. AANBEVELINGS

9.1. Die AS keur die dokument “Die Voorbereiding vir die Roetemerkers by 12/13 en 17/18” goed;
9.2. Die AS keur die dokument “Ouertoerusting deur ouers by die Eerste Nagmaal van ‘n kind” goed;
9.3. Die AS verwys die twee dokumente na al die Taakgroepe betrokke (soos Kategese, Erediens, Missionale Gemeentelike Ontwikkeling) ten einde leiding te neem in die uitrol van hierdie beleid in Sinodes.
9.4. Die AS stuur die twee dokumente aan die 10 Sinodes deur met die versoek dat daar dringend ter uitvoering van die besluite van die AS (2019) deur Ringe en gemeentes aan die ontwikkeling van ‘n Roetemerker-kultuur en veral ten opsigte van hierdie twee belangrike Roetemerkers binne die geloofsfamilie aandag gegee word;
9.5. Die AS versoek die huidige taakgroep wat hierdie verslag voorberei het om:
9.5.1 ‘n Kort video (in oorleg met die kantoor van die Algemene Sinode) voor te berei vir gebruik deur Sinodes wanneer hulle hierdie verslag ter tafel neem en in Sinodes uitgerol word;
9.5.2 die inligting in bevatlike taal vir kerkrade en ouers pamflette voor te berei vir gebruik in die uitrol van die verslag.